# CMR NOORD / NORTH

T: (012) 460 9272/3/4 (Head Office) E: cmr@cmrn.co.za F: (012) 460 8531
PO Box 2037, Groenkloof, 0027 NPO Nr: **015-917**
Chairman: Ds. D.H. Janse Van Rensburg | General manager: Dr. R. Aylward

www.cmrn.co.za


CMR NOORD · NORTH
Ons gee hoop · Refa tshepo
WE GIVE HOPE

**KONTAKBESONDERHEDE:** 18 Mei 2022


Christelike Maatskaplike Raad Noord
Dr. Ronel Aylward
manager2@cmrn.co.za


**DIE CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD NOORD IS EEN VAN VERSKEIE SKAKELS IN DIE KOMPLEKSE SISTEEM VAN KINDERBEVEILIGING**

Reaksie op die artikel van 1 Mei 2022 in *Die Rapport* getiteld: "*Pa, dogter na hoogste hof oor verkragting" asook "Welsyn "rig kinders af voor sekssake" van 15 Mei 2022.*

Die Christelike Maatskaplike Raad Noord (CMRN), 'n organisasie sonder winsoogmerk wat reeds **ses en tagtig jaar** lank HOOP aan kinders en gesinne in NOOD deur middel van maatskaplikewerkdienste bring, is op onderskeidelik 1 en 15 Mei 2022 in die kollig geplaas na twee berigte in die Sondagkoerant *Die Rapport* getiteld: "*Pa, dogter na hoogste hof oor verkragting" en "Welsyn rig kinders af voor sekssake"* verskyn het.

Die CMRN deel graag 'n paar feite aangaande die organisasie se rol en optrede in sake soos genoem in die berig, asook soortgelyke sake.

1. Die beweerde indoktrinering/voorsê van kinders is blatant vals en van alle waarheid ontbloot. Wanneer kinders in strafsake getuienis moet aanbied, moet hulle noodwendig

bygestaan en ondersteun word sodat hul op hul gemak gestel word met die doel om die ware feite aan die hof oor te dra. Nooit sal 'n kind voorgesê word om valse bewerings te maak nie. In elk geval word die kind se getuienis in die Kinderhof getoets.

2. Die CMRN/maatskaplike werkers neem nie besluite oor kindersake nie. Die hof neem die finale besluit en alle rolspelers kry volledig geleentheid om deel te neem.

3. Die bewering dat die CMRN geld daaruit genereer om kinders voor die hof te bring en elders te plaas, is 'n infame leuen. Daar is geen finansiële voordeel vir die CMRN in nie. Sodanige valse bewerings is lasterlik.

4. Kinders se getuienis moet met omsigtigheid hanteer word.

5. Ontevrede ouers se beweringe moet behoorlik ondersoek word en ook met omsigtigheid hanteer word. Baie ouers wil hul kinders behou of in hul sorg herstel hê, selfs al is/was kinders erg verwaarloos, mishandel en getraumatiseer en dit nie in die kind/ers se beste belang was om by die gesin te bly nie.

6. Die duisende suksesverhale waar daar na die beste belang van kinders omgesien is nie moet nie van vergeet word nie.

7. Dit wil voorkom of dit 'n klein drukgroep is wat al hierdie valse beweringe maak en dit plaas onredelike druk op die CMRN.

Ten opsigte van die Abrie Raaths saak wens die CMRN die volgende op rekord te stel:

a. Daar is baie in die media gesê oor die saak;
b. Die CMR Noord bevestig kategories dat dit op geen betekenisvolle manier betrokke was by die assessering van die minderjarige kind nie;
c. Alhoewel Me. W. Stander – wie nie 'n werknemer van die CMR Noord was ten tye van die aanmelding nie en wie werksaam was as 'n onafhanklike maatskaplike werker – 'n aanvanklike assessering gedoen het ten opsigte van die minderjarige kind, het sy

die saak na 'n forensiese maatskaplike werker by die SA Polisiediens verwys vir verdere en volledige ondersoek;

d. Die minderjarige kind het nie 'n volle bekentenis gemaak teenoor enige van die maatskaplike werkers by CMR Noord nie;

e. Die minderjarige kind se bekentenis is gemaak teenoor 'n forensiese maatskaplike werker by die SA Polisiediens;

f. Die CMR Noord was op geen manier betrokke by die verhoor, skuldigbevinding en/of vonnisoplegging van Abrie Raaths nie. Geen van die CMR Noord maatskaplike werkers het getuienis gelewer tydens die verhoor nie en hulle was ook nie betrokke by of partye tot enige van die appèlsake nie ;

g. Die CMR Noord kan nie verklaar waarom die organisasie by die saak betrek word nie.

**[EINDE]**